




UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100  
1918-2018



# ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

## 10.4 MIERBEHEER AS DEEL VAN DIE WITLUIS BEHEERSTRATEGIE

Miere versteur die effektiewe biologiese beheer van witluise en moet dus beheer word. Heuningdou, wat deur witluise afgeskei word, is 'n primêre voedselbron van miere in wingerde. Daar is slegs vier spesies van miere wat op heuningdou voed en beheer moet word. Dit is dus belangrik om die tipe miereplaag te identifiseer. Dit sal ook bepaal watter beheermaatreël gebruik moet word.

### 10.4.1 Identifikasie:

*Argentynse mier:*

- Lig bruin van kleur
- $\pm 3$  mm (slegs werkers)
- Nes-openinge meestal in grond; klein en onbeduidend

*Wipstertmier:*

- Donker bruin van kleur; hartjie-vormige lyf met angel
- $\pm 5$  mm (slegs werkers)
- Nes in wingerdstok

*Malmiere (twee spesies):*

- Medium/donker bruin van kleur
- $\pm 3-10$  mm (werkers & soldate)
- Nes-openinge slegs in grond; vars grond om die opening



Van bo tot onder: Argentynse mier, Wipstertmier en Malmiere

### 10.4.2 Monitering:

Monitering vir miere kan saam met monitering vir wltuis gedoen word soos volg:

- Begin vroeg in die groeiseisoen wanneer opgelet word dat miere in die stokke op begin beweeg
- Monitor 20 vakkies met vyf stokke elk, eweredig versprei deur die blok (tot 2 ha)
- Teken slegs die aan-of afwesigheid van miere **in die stokke** aan
- Die totale aantal besmette stokke sal die persentasie mierbesmetting vir daardie blok aandui
- Sodra **20%** van die stokke met miere besmet is waar wltuise teenwoordig is, kan chemiese beheer toegepas word (Oktober/November).

### 10.4.3 Chemiese beheer:

- **Miere wat in die grond nesmaak:** Stambehandelings moet met 'n rugsakspuitpomp en ringspuit aanhangsel toegedien word. Stamme moet bo die besproeiingslyne behandel word. Alle opleipale moet ook behandel word. Kolbespuitings is oneffektief aangesien miere oor kruisdrade kan beweeg. Behandel die hele ry. Chemiese stambande het die minste impak op natuurlike vyande. Vir chemiese stambehandelings moet 50 ml van die spuitmengsel eweredig om die stamme bo die besproeiingslyne toegedien word. Een behandeling behoort genoeg vir die hele groeiseisoen te wees, behalwe waar daar hoë mier druk teenwoordig is. Gedurige monitering is dus belangrik. Chemiese beheer na oes is onnodig.
- **Miere wat in die stokke nesmaak:** Om wipstert miere te beheer, moet 'n voloppervlak bespuiting tydens dormansie aangewend word.

Middels wat gebruik kan word, is beskikbaar op: [www.ipw.co.za](http://www.ipw.co.za).

### 10.4.4 Bewerkingspraktyke:

Plastiek wat oor bankies geplaas word kan in sommige gevalle 'n ideale omgewing aan miere verskaf vir nes maak, veral in die winter weens 'n verhoging in grondtemperatuur en grondvog. Indien groot getalle miere onder die plastiek waargeneem word, moet die plastiek so gou as moontlik verwyder word.

### 10.4.5 Onkruidbeheer:

Beheer onkruid gedurende die hele jaar. Hoog-groeiende onkruid op bankies kan alternatiewe paaie vir miere en ander plae verskaf om in die wingerdstok in te klim. Dit moet veral in die groeiseisoen beheer word. Die gebruik van 'n dekgewas sisteem kan help om onkruid te beheer. Baie breëblaar onkruid is gasheerplante vir wltuis en die heuningdou wat hulle afskei is ook 'n voedselbron vir miere.



Argentynse mier wat besig is om heuningdou by die wltuis te soek.



Argentynse mier met heuningdou.

Fotos bladsy 1: P. Addison, Stellenbosch University. Fotos bladsy 2: R. Stolk, IGWS.

Hierdie navorsing is befonds deur



Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch  
Outeur: Prof Gerhard Pietersen ([gpietersen@sun.ac.za](mailto:gpietersen@sun.ac.za))